# PAREL VALLEI HIGH SCHOOL

***TROTS OM 'N PAREL VALLEIER TE WEES***

Kwartaal 4 | **NUUSBRIEF** | 10 Desember 2010

Geagte Ouers

Die Wêreldbeker Sokkertoernooi is verby en na al die doemprofete se vrese het ons dit geniet en almal het trots gevoel oor die mooi voetjie wat Suid-Afrika voorgesit het. Die lang vakansie in Junie het ook nie te veel verskil gemaak nie, maar die onderwysstaking het baie skole erg seergemaak. Gelukkig het dit glad nie vir Parel Vallei geraak nie en ons kon soos normaal voortgaan. Dankie aan ons onderwysers vir hulle puik persoonlike dissipline en die professionele manier waarop hulle hulle gedra het tydens hierdie moeilike staking. Ons het ook vanjaar 25 geword (sonder te veel bohaai!). Vroeg volgende jaar gaan ons 'n spesiale dankseggingsdiens hou om dankie te sê vir 25 jaar en ook om vorentoe te kyk na 'n volgende 25 jaar.

Die matriekeksamen, oor die algemeen beskou, was na my mening in party vakke te maklik. Dit is altyd 'n bekommernis as dit te maklik is omdat enige aanpassings nie die goeie kandidate bevoordeel nie. Kom ons hoop hulle gaan nie aan die punte hoef te verander nie, want dan sal dit met ons goed gaan.

**Finansies:** 2010 was finansieel 'n moeilike jaar en ek sê dankie aan ouers vir hulle volgehoue finansiële ondersteuning van die skool. Daar is baie ouers wat verligting gevra en gekry het, maar ek hoop dat dié tendens nou sal draai wanneer die ekonomie sy kop weer oplig. Ongelukkig is daar nog steeds ouers wat glad nie hulle verpligtinge nakom nie. Met hierdie ouers kan die Beheerliggaam geen genade toon nie, want hulle ry onbeskaamd op die rug van die ouers wat wel betaal. Ek moet aan hierdie ouers 'n sterk boodskap van afkeur deurgee omdat Parel Vallei baie meer doen as wat die staat voorskryf en dit is nie goedkoop om dit te doen nie!

Nuwe minimum verpligte fooi vir diegene wat kwalifiseer vir verligting. Tydens ons begrotingsvergadering het die Beheerliggaam 'n voorstel aan ouers gemaak om 'n verpligte minimum bedrag betaalbaar te maak deur daardie ouers wat vir verligting kwalifiseer. Almal wat by daardie vergadering was, het ten gunste van so 'n heffing gestem. Die twee bedrae in ons begroting wat die skool die "seerste" maak, is 1. Slegte skuld van R1 223 935,00 en 2. Finansiële verligting van R1 200 000,00. Saam beloop hierdie bedrae R2,4miljoen! Dit is heeltemal te veel. Met die vergadering se goedkeuring het die Beheerliggaam besluit om 'n verpligte minimum betaling van R200,00 per maand van alle ouers wat finansiële verligting ontvang, te eis. Dit is dus 'n positiewe bydrae wat hierdie ouers kan maak tot die behoud van wat die skool bied. Hierdie nuwe fooi sal vanaf 1 Januarie 2011 betaalbaar wees.

**Beplanning vir 2011**: Ons skool, saam met baie ander skole in die Kaap, maar meer spesifiek ons voederskole, het aansoek gedoen om 2 dae vroeër te begin in 2011 in ruil vir 2 vakansiedae in April. Ons het dus vanaf 22 April tot en met 2 Mei vakansie. Daarom sal die skool op 17 Januarie begin. Die onderwysers begin reeds op 13 Januarie 2011.

**Musiekblyspel**: Volgende jaar het ons weer 'n musiekblyspel. Ek sien altyd uit daarna, want ons leerders beleef 'n wonderlike ervaring wat slegs op so 'n manier verkry kan word. Ek moedig u aan om u kind te motiveer om deel te neem aan hierdie wonderlike gebeurtenis.

Die volgende datums is vasgestel vir musiekblyspeloefeninge:

26 – 29 April 2011
16 & 17 Junie 2011
11 – 15 Julie 2011
Die eerste week van die derde kwartaal.

**2011**!: Terwyl ek datums op ons almanak vir 2011 ingevul het, het ek net weer besef hoe besig Parel Vallei is. Dit is wonderlik! Ek sien regtig

daarna uit om volgende jaar aan te durf met al sy uitdagings. Dit is juis hierdie uitdagings wat ons sterker maak.

Ons bou weer volgende jaar. Die WKOD het ons gevra om ons gebou, op hulle onkostes uit te brei om sodoende meer kinders van ons omgewing hier toe te laat. Die Bestuur en die Beheerliggaam het ingestem en op 1 April 2011 sal die Departement hier begin aanbou. Ons kry 10 ekstra klaskamers en twee ablusieblokke by. Dit beteken dat ons minstens 5 ekstra klasse sal bykry en die skool sal so ± 1350 groot wees. Ons sal nog altyd ons streng toelatingsbeleid toepas en verseker dat ons soos altyd puik gehalte sal handhaaf. Ons sal hierdie projek aan die einde van 2011afhandel en 2012 die volgende ekstra klas toelaat. Ons het vanjaar reeds een ekstra klas toegelaat in graad 8 vir 2011.

**Datums vir 2011**:

| | |
|---|---|
| 13 Januarie 2011 | Onderwysers begin |
| 14 Januarie 2011 | Graad 8's begin |
| 17 Januarye 2011 | Leerders begin |
| 21 Januarie 2011 | Interhuisatletiek |
| 27 Januarie 2011 | Interhuisgala |
| 31 Januarie 2011 | Nuwe ouers: Kaas-en-wynfunksie |
| 8 Februarie 2011 | Gr. 10 Nasionale Gr. 9 Wiskundetoets |
| 11 Februarie 2011 | Interskole-atletiek |

**Vakveranderings in 2011**: Kyk asseblief na die breif wat saam met die rapport uitgegee is oor vakveranderings. Hou asseblief by die datums wat gegee is en doen betyds aansoek vir enige veranderings.

**Kersvakansie**: Ek wens u en u gesin 'n fantastiese Kersseisoen toe. Mag julle gesinne wonderlike Kersvreugde smaak en 'n veilige vakansie beleef. Ek sien al voor my geestesoog hoe bruingebrand ons leerders hier terugkom – gereed vir 'n besige jaar.

Die uwe

E. GOUWS
SKOOLHOOF